| 26 Junie | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**SONDAG 28 JUNIE 2026 SE EREDIENSTE:**

**09:00**

**Hangklipkerk**

Ds Theuns Henn

**Genesis 22:1-19**

**09:00**

**Kleinmondkerk**

Dr Stephan Naudé

**Genesis 22:1-19**

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# Deuroffers Sondag 28 Junie




# Deuroffers Sondag 5 Julie




# Dankoffers




Kogelberg
WARM-
WINTERMARK
GRATIS
KOFFIE
DONDERDAG
25
JUNIE
16:00–20:00
SOP- EN SJERRIE
→ TAFEL ←
HAMBURGERS
VRYDAG
26
JUNIE
10:00–20:00
KERRIE-
EN-RYS
KERRIE-
SOSATIES
SATERDAG
27
JUNIE
08:00–14:00
BOEREWORSROLLE
BESKIKBAAR ELKE DAG
PANNEKOEK
ROOSTERKOEK
BASAARPOEDING
LEWERKOEKIES
WARM-CHIPS
POTJIEKOS-ETE
TEEN R80 PER PERSOON
→ VANAF 12:00 ←
SLEGS 150 KAARTJIES
BESKIKBAAR
NG Kerksaal - 1ste Laan 36 - Kleinmond

# Wat is op die spyskaart by die Potjiekoskampioenskap?

KLEINMOND – Potjiekosliefhebbers kan op 'n uiteenlopende en geurige aanbod staatmaak wanneer die Kogelberg-potjiekoskampioenskap op Saterdag 27 Junie die Warm Wintermark afsluit. Die tien spanne wat vanjaar meeding, bring geregte wat wissel van kreef en volstruis tot bees, skaap en hoender.

Die spyskaart sluit in: Die 3 Muskateers se beesstert, Disseeff se soet-suur bees, Morgenster se hoender, REMAX se shortrib-tamatiepot, Sandown Bay se volstruis, Texan Rodeos se Texan-bees, Tides se kreef-kerrie, drie potjies van Tino (beesstert, wildspot en hoenderpot) en die Vra-vir-nog-potjie se skaapnek. Kaartjies vir 'n porsie potjiekos kos R80.

'n Feestelike oggend wag op deelnemers en toeskouers, met musiek, kleur en die geleentheid om waardevolle wenke op te doen. Tydens die prysuitdeling vroegmiddag deel Willem Viljoen van Vastrap-faam, en eienaar van Ollie's in Bettysbaai en Kleinmond, saam met Kokkedoor-deelnemer Marlene Wessels hul kundigheid met die publiek. Wessels dien saam met sjef Schalk Potgieter en Nick Austin as beoordelaars, en die merkstate word vooraf aan deelnemers beskikbaar gestel.

Elke span kry 'n staanplek onder die afdakke by die kerksaal, asook 'n tafel en 'n gasbottel. Inrigting begin om 07:00 en alle voorbereiding moet op die terrein plaasvind. Beoordeling van tema, gees en voorbereiding duur deur die oggend. Die proewerksessie vind van 11:00 tot 12:00 plaas, waarna kaartjiehouers nader kan beweeg vir 'n skep of drie. Bakkies met rys en eetgerei word voorsien.

**DS STEPHAN NAUDÉ EN ANDRÉ FERREIRA HET MET 'N "OPLEIDINGSVIDEO" BIETJIE PRET GEMAAK OM DIE POTJIEKOSKAMPIOENSKAP TE BEMARK.**



# SATERDAG

27 JUNIE

# POTJIESKOS-ETE

TEEN **R80** PER PERSOON

VANAF **12:00**

**Reëlings vir die dag**

Elke span ontvang ’n staanplek onder die afdakke by die kerksaal, asook ’n tafel en ’n gasbottel. Hulle kan vanaf 07:00 begin inrig, en alles moet op die terrein voorberei word. Beoordeling van tema, gees en voorbereiding vind deur die oggend plaas. Die proe-werksessie duur van 11:00 tot 12:00, waarna kaartjiehouers nader kan staan vir ’n skep of drie. Bakkies met rys en eetgerei word voorsien.

**KOM DEEL IN DIE WARMTE!**

Koop/bespreek by die Kerkkantoor!



# Baie dankie...




# en baie welkom!



## *Innige simpatie.....*

*Familie en vriende van Belius Potgieter (BB4) met sy afsterwe.*

## *Lidmate wat voorbidding nodig het...*

Hannah Louw (Ba2)

**So kan jy 'n finansiële bydrae maak tot ons gemeente se bedieninge:**

**Bankbesonderhede**
**ABSA**
**NG Kerk Kleinmond**
**3220 150 320**

SnapScan

# KERKKANTOOR *Gesluit*

**6 tot 10 Julie 2026**

**NOODGEVAL KONTAKBESONDERHEDE**

Whatsapp: 076 134 7157

Koster: 060 920 0595

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Harte Aan Die Brand Vir Middel-Afhanklikheid

*Lisel Krige*

’n Verkennende gesprek is Maandagaand by die VGK se kerkgebou gehou, deur ’n groep mense van verskeie denominasies wat passievol is oor die inisiatief om as die Kerk (Christen-gelowiges) betrokke te raak by die stryd teen middelafhanklikheid in die Hangklip-Kleinmond gemeenskap.

Di. Ryk van Velden van ons gemeente, en Anthony Cloete van die VGK, het leiding geneem deur die gesprek te fasiliteer. Hulle is albei lede van die Skakelgroep wat bande tussen die twee kerkrade bly verstewig en kwartaalliks gesamentlike byeenkomste hou.

Dit was juis by twee agtereenvolgende sulke geleenthede dat die kommerwekkende kwessie van middel- en ander vorme van afhanklikheid die onderwerp van bespreking was – asook die klaarblyklike toename van middelmisbruik in ons gemeenskappe, veral onder kinders.

Die twee gemeentes se kerkrade het op grond van ’n verslag daaroor versoek dat ondersoek onder meer ingestel word na die moontlikheid om kragte saam te snoer met reeds bestaande strukture. ’n Uitnodiging is vervolgens gerig aan enigeen wat geroepe voel of toegerus is, om die pad van verkenning saam te loop. Daar is eenstemmigheid dat die Kerk nie bloot kan kennis neem en toekyk sonder om toe te tree nie.

By die eerste samekoms, wat deur 21 persone bygewoon is, het die teenwoordiges elk die geleentheid gehad om hulself aan die groep bekend te stel en, indien hulle wou, te sê hoekom dit vir hulle ’n prioriteit is om deel te neem aan die inisiatief. Aan kundigheid op verskeie gebiede verwant aan middelafhanklikheid en die rehabilitasieproses, het dit nie ontbreek nie. Verskeie deelnemers het ook familielede wat verstrik is of was, terwyl ander persoonlike ondervinding in die verlede gehad het.

’n Opvolgbyeenkoms sal binnekort gehou word, om verder aan die inisiatief-in-wording te skaaf.


# Saamgesels
# Afhanklikheid

**VG Kleinmond + NG Kogelberg**

**Maandagmiddag 22 Junie 2026 18h00**

*Met liefde gemaak deur mediaspan*

















# VROUEDAG

# Funksie

*'n Oggend van saam lag en kuier in goeie geselskap!*




## Saterdag 8 AUGUSTUS

10:00

**NG KERKSAAL**
EERSTE LAAN 36 - KLEINMOND

*Gaskunstenaar*

FRANCOIS BOYCE

*Bespreek jou plek vandag!*

**R200** PER PERSOON

*Sluit* EET- EN DRINKGOED IN

KONTAK DIE KERKKANTOOR VIR ENIGE NAVRAE - 028 271 3740

# Lekker verjaar!

## Saterdag 27 Junie

Marié-Louise Carstens (Sb4)
Brenda Ferreira 073 539 2701 (KP1)
Kobus Ferreira 082 339 2914 (KP1)
Susan Fourie 072 228 5728 (BB3)
Benardo Olivier 073 973 0822 (Sa3)
Serma Pretorius 083 352 4290 (BB2)
Diana Smit 082 656 6993 (Ba1a)
Romano Smit (Bb1)
Pieter van Dyk 083 442 4584 (BB2)

## Sondag 28 Junie

Yvonne Burger 082 921 9415 (Ba3)
Leah Duvenage (Ba1b)
Adri Le Grange 076 855 4111 (PM5)
Nicola Louw (Sb4)
Das Maree 082 574 5954 (KB5)

## Maandag 29 Junie

Helene Burger 072 774 3943 (Sb3)
Sydney Foster 082 970 9838 (BB2)
Letta Hugo (BB6)

## Dinsdag 30 Junie

Helene Burger 072 774 3943 (Sb3)
Sydney Foster 082 970 9838 (BB2)
Letta Hugo (BB6)

## Woensdag 1 Julie

Helene Burger 072 774 3943 (Sb3)
Sydney Foster 082 970 9838 (BB2)
Letta Hugo (BB6)

## Donderdag 2 Julie

Riana Burger (HK3)
Irené Dreyer (Sc1)
Ilse Halgryn 072 224 4092 (PB1)
Wilna Maree 082 920 6093 (BB3)
David Nel 074 192 9500 (BB2)
Danielle Smit (Ba1b)

## Vrydag 3 Julie

Francois Meyer 078 339 0944 (PB1)
Meta Schultz 082 927 3641 (Ba3)
Lize Visser 079 261 0586 (Ba2)



## GROEPGESPREKKE | 29 JUNIE - 3 JULIE 2026

**1. Gesels bietjie saam...**
- Vertel van 'n verhaal uit die geskiedenis, sport of die nuus waar iemand moes volhard en vertrou ten spyte van groot onsekerheid. Wat het uiteindelik gebeur?

**2. Ons storie nou...**
- Waarom is dit vir ons so moeilik om God te vertrou wanneer ons nie die uitkoms kan sien nie?
- Hoe reageer mense gewoonlik wanneer iets wat vir hulle baie kosbaar is bedreig word?
- Wanneer het jy laas besef dat jy meer op jou eie planne vertrou as op God se leiding? Dink terug aan Genesis 21:8-21 se teks om dalk ook verder hieroor te kan gesles

**3. God se storie...**
Lees Genesis 22:1–19 saam uit twee of drie verskillende vertalings en gesels dan oor die volgende vrae:
- Wat maak God se opdrag aan Abraham so moeilik en ontstellend?
- Wat val jou op van Abraham se woorde en optrede deur die verhaal? Wat verklap dit van sy verhouding met God?
- Lees weer vers 5 en vers 8. Wat sê Abraham daar, en wat leer dit ons oor sy vertroue in God se belofte?
- Waarom sou mense Genesis 22 as die hoogtepunt of keerpunt van Abraham se geloofsreis beskryf?
- Wat leer hierdie verhaal ons oor God? Waar sien jy dat God voorsien, selfs voordat Abraham dit kan raaksien?

**4.Hoe die Bybel ons storie verander...**
- Is daar iets in jou lewe wat jy sukkel om aan God toe te vertrou?
- Wat beteken dit prakties om God te vertrou wanneer jy nie al die antwoorde het nie?
- Waar het jy al teruggekyk en besef dat God voorsien het op 'n manier wat jy nie vooraf kon sien nie?
- Hoe verander hierdie verhaal jou begrip van geloof – as meer as net glo in God, maar om jouself en jou toekoms aan Hom toe te vertrou?
- Watter "ram in die bos" het God dalk reeds in jou lewe voorsien wat jy eers later raakgesien het?
- Waar nooi God jou hierdie week om met groter vertroue te leef?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede vir hierdie roeping**

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees: Psalm 45:10–17, Romeine 7:15–25a, Matteus 11:16–19, 25–30, Genesis 24:34–38, 42–49, 58–67